Kyk, Ek Staan By Die Deur En Klop

. . . waarin ons nou lewe, die laaste bedeling, wat 'n louwarm bedeling sou wees. En ek kan verkeerd wees daarin, maar ek glo dat dit reg is. En dan, omdat ons nou vinnig daardie tydperk nader, en die Koms van ons dierbare Here, dink ek dis baie voordelig vir ons om met die mense te praat in die tydperk en die uur waarin ons nou lewe.

2 En mag God Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord, en die konteks uitbring, soos ons die teks lees vir Sy mense dat ons gewaarsku sou word van die tyd waarin ons lewe. En lees nou uit Openbaring die 3de hoofstuk en die 20ste vers:

> *Kyk, Ek staan by die deur, en klop: en as iemand . . . my stem hoor, en die deur* sal *oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom maaltyd hou, en hy met my.*

3 Hierdie is 'n baie ongewone Skrif om te gebruik by 'n konvensie, maar, julle weet, God is ongewoon, en Hy doen dinge op 'n ongewone manier. Ons raak so aardsgebonde met ons eindige manier van dink teenoor Sy groot, oneindige verstand, totdat ons net een, klein koers opstel, en ons voel asof ons net goed aangaan, maar as ons net kan kyk en sien soos God sien, hoe verskillend sou dinge lyk en vir ons wees. En die Bybel sê dat God op geheimsinnige maniere werk, om Sy wonders te doen.

4 En dan, dit mag gesê word dat hierdie nogal 'n klein teksie is om vir 'n groot konvensie te neem. Maar dit is klein, daar's net 'n paar woorde hierin, maar dis nie die grootte van die teks nie, dis wat die teks is, dis die Woord van God. En dis waar die waarde lê, dis nie in die papier waarop dit geskryf is nie, dit is ook nie die ink wat—wat die letter op die papier gemaak het nie, maar dis wat dit is.

5 'n Tyd gelede, in Louisville, Kentucky, net oorkant waar ek woon, het ek 'n vriendjie daar oorkant gehad, ek het van hom geweet, en hy sou opgaan in die solder, eendag, die ou dakkamertjie, en het daarbo rondgesoek om te sien wat hy kon kry, net soos 'n klein seuntjie van omtrent tien jaar oud sou maak, net 'n klein nuuskierige agie, en onder in 'n ou—ou trommel het hy 'n posseëltjie gevind wat geel geword het, dit was miskien baie jare oud.

6 So met een ding in sy gedagte, dat hy miskien uit die verkoop van hierdie posseël genoeg geld kon bekom om vir homself 'n roomys te koop, so, hy het 'n seëlversamelaar geken en hy het in

die straat afgegaan na die versamelaar toe. En hy het vir hierdie versamelaar gesê: "Kyk na hierdie seël en sê vir my wat jy vir my sal gee vir hierdie seël."

En die versamelaar het dit opgetel, en daarna gekyk, en dit onder die glas gesit, en hy het gesê: "Ek sal jou een dollar gee vir daardie seël."

Wel, hy sou dink dat vyf sent 'n goeie prys sou wees, so hy het vinnig die seël verkoop, en die dollar geneem, en af in die straat vir sy roomys.

7 'n Tydjie daarna, ek reken omtrent drie maande, het daardie seëlversamelaar daardie seël vir vyf-en-twintighonderd dollar verkoop, en dit het van een na die ander gegaan, totdat daardie seël nou meer as 'n kwartmiljoen dollar werd is. Julle sien, dit was nie die papier nie, die stukkie papier het geel geword, maar dit was wat op die papier was wat getel het, dis wat soveel beteken het.

8 En dis hoe dit vanaand is met hierdie teksie, dit is nie die papier, of hoe groot dit is nie, dis wat daarop geskryf is, Dis die Woord van die Ewige God. "Die hele Hemel en aarde sal verbygaan, maar hierdie Woord sal nooit faal nie." Dis God se Woord.

9 En baiekeer sien ons nie die waarde van klein dingetjies nie. Ek dink dis 'n groot ding vandag, dat ons almal iets groot probeer wees. En jy . . . Partymaal 'n prediker wat net 'n klein groepie mense agter in een of ander sendingstasietjie het, hy voel miskien dalk: "O, ek kan nie 'n Billy Graham of 'n Oral Roberts wees nie, so ek is nie veel in die prentjie nie." Maar hy besef nie dat hy net so belangrik is soos Billy Graham of Oral Roberts as hy in die wil van God is om sy plek te doen nie.

10 Eenkeer was ek in Brits-Columbië saam met Mnr. Baxter, 'n vriend van my, ons het gepraat, en die oorlede Koning George was daar om die skole te besoek. En al die skole het daardie middag uitgekom om hom in die parade te sien. En wat 'n gesig was dit om hom te sien! En daar is vir ons vertel dat hy so erg aan maagsere gely het dat hy kwalik kon keer om dit op sy gesig te wys as gevolg van die pyn van die lyding. En hy het ook veelvuldige sklerose in sy rug gehad. Ek het die voorreg gehad om vir hom te bid, soos julle almal weet, en die Here het hom genees.

11 En terwyl hy in die koets gesit het, en sy pragtige koningin, en haar blou tabberd, of rok aan, maar ten spyte daarvan en al sy lyding, het hy regop gesit in die wa. En soos hy by sy onderdane verbygegaan het, hoe hy voor hulle sou buig, en die koningin wat glimlag het.

12 En Mnr. Baxter, toe hulle by hom verbygegaan het, het hy net sy kop gedraai en gehuil. En hy het gesê: "Dink daaraan: Die koning van Engeland gaan verby."

13 En ek het gedink, as dit ’n Kanadees so sou laat voel omdat die koning van Engeland verbygegaan het, wat sou dit vir die Christen wees wanneer Jesus eendag by ons verbygaan? Hoe dit ons sal laat juig en verbly!

14 En die onderwysers het hulle kinders laat uitkom en vir hulle ’n vlaggie gegee, ’n klein, Britse vlaggie om—om vir die koning te waai om hulle lojaliteit en hulle ondersteuning vir hom te wys. En in ’n sekere skool, het ’n—’n dogtertjie nie teruggekom saam met die res van hulle nie.

15 Die onderwyser wat baie ontsteld was, sy het in die straat afgegaan en oral gesoek om die kind te vind, en sy het hierdie dogtertjie gekry wat agter ’n telegraafpaal staan en huil. En sy het die dingetjie in haar arms opgetel, en sy het net gehuil asof haar hartjie wou breek. En sy het gesê: “Wat makeer, skat? Het jy nie jou vlag gewaai nie?”

En sy het gesê: “Ja, juffrou, ek—ek het my vlag gewaai.”

“Wel,” het sy gesê: “waaroor huil jy dan? Het jy die koning gesien?”

Sy het gesê: “Ja, juffrou, ek het die koning gesien.”

“Wel,” toe gesê: “waarom huil jy?”

Gesê: “Juffrou, ek’s so klein, hy het my nie gesien nie!” Gesê: “Ek het hom gesien en die vlag gewaai, maar ek was te klein vir hom om te sien.”

16 Nou, dit mag reg wees met Koning George, maar dit is nie so met Koning Jesus nie, maak nie saak watter klein dingetjie jy doen nie, Hy weet van elke klein dingetjie wat jy doen. So, julle sien, dis klein dingetjies wat ons oorsien wat soveel beteken.

17 En dan weer, is die Woord van God ’n Vergifnis, Dis genesing, Dis enige van Christus se verlossingsseëninge wat aan jou behoort as jy hierdie Woord kan aanvaar.

18 Nou, ek gaan op rekord op hierdie bandopnames, deur dit te sê: dat as jy die regte gesindheid het teenoor enige Goddelike belofte wat God gemaak het, sal dit gebeur, as jy net reg daarna sal kyk, as jy dit sal glo wat God gesê het. Nou, jy moet reg daarna kyk.

19 Baie van julle het dalk vir John Sprawl geken wat stom was, wat genees is en nou ’n prediker is. Ek dink nie hy is op hierdie tyd nie, hy was altyd ’n prediker, hy het ’n bietjie gepreek. En hy het gesê dat hy eendag gegaan het na, uit na La Salle, Lorraine, Frankryk, hy en sy vrou, dit was voor sy heengegaan het. En hy het gesê dat hy ’n standbeeld van Jesus opgelet het. En hy het met sy hande in sy sak gestaan, en hy het gesê: “O, wat ’n . . . Wat het die beeldhouer bedoel deur so ’n—’n standbeeld soos daardie te maak?” Gesê: “Dit maak afbreek aan die Here Jesus.” Gesê: “Wel, dit lyk amper net soos ’n vorm van ’n man daar, en daar’s

geen uitdrukking daaraan nie." En hy het met sy vrou gepraat, en die gids het gekom.

En hy het gesê: "Ek veronderstel, meneer, jy kritiseer daardie standbeeld."

Hy het gesê: "Ek doen."

20 Hy het gesê: "Jy sien, jy kyk nie reg daarna nie." Hy het gesê: "Kom saam met my." En hy het afgegaan na die voet van die kruis, en daar was 'n—'n knielreling of 'n altaar, en op hierdie altaar was daar 'n kussing en dit was baie mooi gemaak. Hy het gesê: "Kniel, Mnr. Sprawl." En hy het gesê: "Kyk nou op."

21 O, Mnr. Sprawl het gesê toe hy opgekyk het, dat hy gedink het sy hart sou ophou klop in die uitdrukking van Sy pyn, en Sy lyding, dit wat Hy vir ons sondaars gedoen het.

22 En die gids het vir hom gesê, hy het gesê: "Meneer, die beeldhouer in die maak van die standbeeld, het hy dit gemaak dat mense sou kniel en opkyk om dit te sien. Dit is nie gemaak om ver van te staan en na te kyk nie, maar om af te gaan en hiernatoe op te kyk."

23 En dis hoe die Woord van God is, Dit is nie gemaak om ver van te staan en te sê: "Die dae van wonderwerke is verby. En daar's glad nie so-iets soos Heilige Gees godsdiens, en opregtheid, en wedergebooorte nie." Dis nie gemaak, Dit was nie gedruk vir daardie doel nie, Dit was gedruk om af te gaan en op te kyk na die belofte, dan sal Dit anders lyk vir jou.

24 Wanneer jy kniel voor God en Sy Woord vashou en sê: "O Groot, Oneindige, Ewige, Almagtige Jehova God, Wat hierdie Woord gestuur het, en Dit vlees geword en onder ons gewoon het, is U dieselfde? Het U U krag verloor?" Kyk Daarna, Daardie, eenkeer soos daardie op jou knieë, jy sal uitvind dat die Heilige Gees jou sal terugantwoord, dat Hy net dieselfde is vandag as wat Hy ooit was. Maar jy moet reg Daarna kyk: op jou knieë, eerbiedig.

25 En dan, terwyl ons dink aan die klop aan die deur: "Kyk, Ek staan en klop aan die deur," ek kan net nie daardie kunstenaar se naam onthou wat die skildery geskilder het van Jesus wat aan die deur klop nie, wat, ek veronderstel elke Christen hier, is bekend daarmee. Maar, egter, wanneer 'n skildery geskilder is, moet dit eers deur die saal van kritici gaan voor dit in die eresaal kan ingaan. En wat 'n pragtige prentjie is dit van die Kerk: Voor die Kerk ooit weggeraap kan word en deur die eresaal geneem kan word, gaan Dit hier deur die saal van kritici. "Almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." Dit moet deur die kritiek gaan; geen kritiek, geen glorie nie.

26 So, hierdie kunstenaar, toe hy sy skildery dopgehou het terwyl die kritici gekritiseer het, of iets probeer vind het, het daar 'n sekere kritikus gekom, en gesê: "O, jou skildery is baie

goed, die profiel van Christus is volmaak. En Hy wat in die nag gekom het met die lantern in Sy hand en aan die deur geklop het, dis verstommend, en met Sy uitdrukking van Sy verwagting om van binne af te hoor." Maar gesê: "Meneer, daar's een ding wat jy uit jou skildery uitgelaat het."

Hy het gesê: "Wat is dit, my goeie man?"

Hy het gesê: "Jy het nooit enige grendel aan die deur gesit nie. Hoe kon Hy inkom as iemand Sy—Sy klop sou beantwoord, aan die binnekant?"

"O," het die kunstenaar gesê: "jy sien, meneer, hierdie is 'n ander soort deur, sien, die grendel is aan die binnekant."

27 Dis hoe dit vanaand is: Die grendel is aan die binnekant, jy moet oopmaak. Dit is niks wat Hy nie alreeds gedoen het nie, Hy het Sy Woord gestuur, Hy het Sy diensknegte gestuur, Hy het tekens, wonders, wonderwerke gedoen, maar jy moet nog steeds oopmaak om Hom in te laat.

28 En om aan Hom te dink wat aan 'n deur klop, baie mense klop aan deure, baie groot manne het aan deure geklop deur die eeue. Byvoorbeeld, wat as in die dae van die keisers van Rome, wat as die groot Caesar sou afkom na 'n—'n plaaswerker se huis? Nou, dit sou 'n groot vernedering vir Caesar gewees het, want hy was die keiser. Maar wat as hy sou afkom na die plaaswerker se huis en aan die deur klop?

29 En daardie plaaswerker sou na die deur toe gaan, uitkyk, en sien dat dit Caesar was wat by die deur gestaan het van net 'n arm, nederige persoon. Wel, hulle sou so geëerd gewees het, hulle sou die deur oopgetrek en gesê het: "O, groot Keiser van Rome, gaan in my huis in, u doen my 'n eer aan. Om te dink dat die keiser van Rome na my deur toe sou kom! Kom in, en as daar enigiets in my huis is wat u wil hê, help net uself." Sekerlik, hy sou geëerd wees om die keiser van Rome by 'n arm man se huis te hê.

30 En dan, wat as in die dae van die oorlede Adolf Hitler, wat as Mnr. Hitler, wat in sy dae die diktator van Duitsland was, wat as hy sou afgaan na die huis van 'n voetsoldaat en aan die deur sou klop? [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.]

31 En die soldaatjie sou die gordyn opgelig het en die groot diktator van Duitsland by sy deur sien staan het, en hy net 'n voetsoldaat, wel, hy sou die deur oopgegooi het, op aandag gestaan het met die Duitse saluut, en sou gesê het: "O, groot Hitler, jy het my eer aangedoen en my gebou en my woonplek 'n eer aangedoen! Dis te nederig vir—vir u, meneer, u wat die führer van Duitsland is, gaan binne. En as daar enigiets in my huis is, is u welkom om dit te neem, dis u s'n." Sekerlik, vir die diktator en führer van Duitsland om na 'n voetsoldaat se huis toe te kom.

32 Goed, sê hierdie: Wat as die—die, ons president Dwight Eisenhower, wat as Dwight Eisenhower na die deur toe kom van die beste Demokraat wat daar in Greenville is? Jy sou geëerd wees om President Eisenhower by jou deur te hê. Jy mag van hom verskil in politiek, maar hy's 'n groot man, hy's een van die groot Amerikaners, en hy's die president van ons geliefde Verenigde State, en ek gee nie om of jy van hom verskil het nie, dit sou 'n eer vir jou wees om dit te doen.

33 En ek wil vir julle iets anders vertel, as Mnr. Eisenhower, wat, ek hom liefhet, hy's ons president, en as hy dit gedoen het, homself verneder het om na jou deur toe te kom, sou die televisie dit berig, sou die koerante dit berig, sou die hele wêreld weet dat President Dwight Eisenhower na Greenville, Suid-Carolina toe gekom het, na 'n arm man se deur toe, en ingegaan, en 'n besoek by hom afgelê het. Sekerlik, want hy's 'n belangrike man.

34 Wat as die koningin van Engeland wat net onlangs die Verenigde State besoek het, wat as sy na Greenville toe sou gekom het en die nederigste huis gevind het wat daar in Greenville is en aan die deur geklop het? En dit sou jou huis gewees het en jy het na die deur toe gegaan en gesien dit was die koningin van Engeland, dit sou vir jou 'n eer wees om die koningin van Engeland te ontvang, sekerlik.

35 Jy sou sê: "O, Koningin, kom in my huis in, en as daar enigiets hierbinne is wat u begeer, kan u dit kry." As jy 'n klein juweeltjie gehad het wat jou ma vir jou gegee het, of een of ander goeie vriend vir jou gegee het, en dit was baie kosbaar vir jou, maar die koningin sou sê: "Ek wil dit graag hê." Jy sou dit vir haar gee, want dit sou 'n eer vir jou wees om dit vir haar te gee, want sy's 'n belangrike persoon.

36 Jy sien, al is jy nie haar onderdaan nie, maar sy is die grootste koningin op aarde, dit is van die sfere van die nasies, Engeland, koningin van Engeland, die grootste koningin op die aarde wat ons vandag het, en dit sou vir jou 'n eer wees om haar enigiets te gee wat sy gevra het, want sy's een van die belangrikste vroue op die aarde vandag.

37 Dis die belangrikheid van die persoon by jou deur. Maar, o, wie is belangriker as Jesus, en wie word meer weggewys as Jesus? Miskien sal die president jou 'n skerp teregwysing wil gee, of iets wil doen om jou seer te maak, die koningin mag iets uit jou huis wil neem wanneer sy jou besoek, of die führer van Duitsland mag die soldaat wil teregstel, maar Jesus wil vir jou die beste ding gee wat enigiemand jou kan gee, en die enigste Een wat dit kan gee: Ewige Lewe, genesing vir jou liggaam, jou bekommernis omruil vir vreugde, die somberheid wegneem en jou 'n uitroep van oorwinning gee, wil jou sonde wegneem en jou Lewe gee, die dood van jou wegvee en jou Ewige Lewe gee, en tog, word Hy

weggewys van meer deure af as al die heersers en konings wat hierdie aarde ooit gehad het.

38 Julle sien, Hy staan en klop aan die deur, Hy het gesê: "En as enigiemand sal oopmaak, sal Ek inkom." Hy wil met jou praat, Hy wil iets vir jou doen, daar's net een ding wat Hy van jou sou wegneem, dit sou jou sondes of jou siekte wees, en sekerlik, wil jy hulle nie langer dra nie, so Hy klop aan die hart. Maar as gevolg van die duiwel wat geregtigheid verdraai het, hou die mense weg van Christus af.

39 O, jy sê: "Broer Branham, net 'n oomblik, ek wil net 'n bietjie van jou verskil. Ek het Jesus in my hart laat inkom vyf-en-twintig jaar gelede, of 'n jaar gelede."

40 Ek waardeer dit, enige prediker sal dit waardeer, dat jy Jesus laat inkom, maar ek wil vanaand vir hierdie kerk 'n vraag vra, en ek wil hê julle moet dit baie goed en reguit verstaan: Toe jy Hom laat inkom het, onder watter voorwaardes het jy Hom laat inkom? Het jy Hom laat inkom net om jou van die hel te red? Of het jy Hom laat inkom om jou Here te wees? Nou, daar's nogal 'n verskil.

41 Wat as ek na jou huis toe kom en aan jou deur klop, en jy het gesê: "Broer Branham, kom binne," en ek het in jou huis ingestap, en—en jy het gesê: "Broer Branham, jy's welkom in my huis"? Wel, ek sou tuis voel. Ek sou oorgaan, en as ek honger was, sou ek die yskas kry en vir my 'n toebroodjie maak, en—en as ek gevoel het ek was 'n bietjie moeg, sou ek my skoene uittrek, oor die bed lê, en hierdie toebroodjie eet, en ek—ek sou net tuis voel. Ek sou jou woord daarvoor neem.

42 Maar as ek na jou huis toe gegaan het, of, jy na my huis toe kom, en jy het aan my deur geklop, en ek het jou laat inkom, maar ek het gesê: "Dis alles reg, meneer, jy kan inkom, maar jy moenie enigsins verder gaan as hierdie deur nie, staan jy net *hier*," nou, dis hoe te veel Christene vandag vir Jesus laat inkom, hulle wil nie hel toe gaan nie, maar hulle is bang om Hom Here te laat wees. *Here* is "heerskappy," om alles oor te neem, en om jou te regeer, en om oor jou te heers, en om volle besit van alles te neem wat jy is; dis hoe Hy wil inkom. En daar's te veel van julle Pinkstermense wat Hom net soos daardie laat inkom; ons sal net binne 'n oomblik daarop ingaan.

43 Nou, ons vind uit dat wanneer Jesus inkom, en jy vir Hom sê: "Ja, moet my nie hel toe laat gaan nie, Here, maar ek . . . "

44 Wanneer Hy in die hart inkom, weet jy daar's baie deurtjies binne daardie deur? O, die hele muur is vol kamers oral om jou hart. En die eerste deurtjie, wanneer jy in die hart inkom, ons sou sê, laat ons—laat ons dit aan die regterkant sit wanneer jy in die hart instap, daar's 'n deurtjie daar wat genoem word, *My Privaat Lewe*." Nou, jy laat Jesus inkom: "Maar moet niks te doen hê met

my privaat lewe nie." Nou, dis hoe te veel Christene Jesus laat inkom het.

45 'n Tyd gelede, het ek die voorreg gehad om hand te skud met julle staat se evangelis hier, wonderlike man van God, Billy Graham, by Louisville, Kentucky. En ek het geluister, ek was by sy ontbyt saam met Doktor Mordecai F. Ham. Julle weet almal dat ek self as 'n Baptis gekom het. En Dr. Ham was... Billy Graham is sy bekeerling tot die Here Jesus. En ek en Dr. Ham het saam gesit en eet. En Billy het opgestaan om te praat, en hy het gesê, die Bybel geneem en hy het gesê: "Hier is die voorbeeld," hy het gesê: "toe Paulus uitgegaan het in sy dag en 'n bekeerling gehad het, toe het hy binne 'n jaar teruggekom, en daardie bekeerling het dertig gemaak."

46 Hy het gesê: "Ek kan in 'n stad ingaan en," ek sal nie die getalle sê nie, want ek onthou net nie hoeveel hy gesê het nie, maar, sê byvoorbeeld, soos hierdie: "Ek sal twintigduisend bekeerlinge hê, terugkom binne 'n jaar en nie twintig kan kry nie." En hy het gesê: "Die rede daarvoor, julle predikers sit in julle studeerkamer met julle voete op die lessenaar, en skryf vir die mense 'n brief, in plaas van om uit te gaan en hulle hand te skud en met hulle 'n goeie, warm gesprek te voer, en hulle in julle kerk in te nooi."

47 Ek het gedink dit was baie goed, en ek het dit waardeer, maar ek, om op geen manier te verskil van hierdie dapper soldaat van Christus nie, maar ek wil dít graag sê: Julle sien, daar was geen predikers om daardie een in die hande te kry nie. Die ding daaromtrent is, is mense deesdae, in hierdie groot herlewings wat ons in die volk het, hulle het opgewerk geraak in emosie en opgekom na die altaar, en gesê: "Ek aanvaar Christus as my persoonlike Verlosser," en gaan terug, en gaan nooit diep genoeg met God om werklik wedergebore te word nie, dis wat die probleem is, dis 'n intellektuele begrip van Christus, wat nooit sal werk nie, dit moet 'n outydse ondervinding wees soos Paulus geleer het, die doop van die Heilige Gees terug en 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. As elke skepsel in die land gedraai het teen daardie bekeerling, sou hy uithou, bekeerlinge maak, in elk geval, omdat hy iewers was.

48 En daar's geen mens, in die wêreld wat regtig agter die preekstoel geplaas behoort te word totdat hy eers 'n agterveldse ondervinding gehad het, of ek sou sê 'n agterkant-van-die-woestyn ondervinding waar hy God Self ontmoet het nie. 'n Man wat Christus ooit van aangesig tot aangesig ontmoet het aan die agterkant van die woestyn, soos wat Moses het, is nooit weer dieselfde van daardie tyd af nie.

49 O, teoloë kan vandag opstaan, hulle kan verduidelik die dae van wonderwerke is verby, met die Bybel; die ongelowige kan opstaan en die Bybel neem en vir jou bewys daar's geen God nie;

en die Metodis kan bewys hulle is reg; die Baptiste kan bewys die Metodis is verkeerd, en hulle is reg; die Pinkster kan bewys hulle is almal verkeerd en húlle is reg, maar daar's baie wat ook bewys kan word van die Pinksters, maar laat ek vir jou sê, broer, maar as 'n man ooit op daardie heilige sand gestaan het, laat hom Metodis, Baptis, Pinkster, of wat nog wees, en ooit God van aangesig tot aangesig ontmoet het, is daar geen teoloog in die wêreld wat dit van hom kan wegneem nie, hy was iewers, hy weet waarvan hy praat, hy het 'n ondervinding gehad van die brandende Teenwoordigheid van die lewende God, en al die uitveërs en al die Skrifverduideliking en ontduiking sal dit nooit wegneem uit sy hart nie, want hy is 'n nuwe skepsel in Christus gemaak en is beliggaam deur die krag van Almagtige God, en lewendig gemaak in Christus.

50 En die duiwel, die vyand van jou siel, kan nie trap op daardie heilige gronde waar jy Christus ontmoet het nie, jy weet waarvan jy praat, jy mag dalk nie genoeg geleerdheid hê om dit te verduidelik nie, maar jy weet waarvan jy praat. Dis waar. Ons het meer sulkes nodig.

51 Dis nie om dit te verduidelik nie, dis om dit te ontvang. Ek kan die nege gawes verduidelik, maar ek het hulle nie. Ek mag dalk nie in staat wees om baie dinge te verduidelik nie, of, om te verduidelik, dit het niks daarmee te doen nie, om Christus te ontvang, is om die Persoon van die Here Jesus te ontvang, iets wat jy *weet* gebeur het, want jy was daar.

52 En dan sodra die beproewinkies kom, die Christen wat net opgestap en Christus as persoonlike Verlosser aanvaar het, nooit wedergebore is nie, dan dryf hy uiteindelik weg, die eerste vervolginkie wat kom. Nou, die . . . Waarom is dit? Wanneer Christus in die hart inkom, kom Hy net eers reguit na daardie privaat lewe van jou toe. Ek bedoel nie om julle seer te maak nie, maar ek wil julle net iets vra. Ek wonder of baie Pinkstermense, wat ek dink hierdie 'n Pinksterkonvensie is, ek wonder net of baie van die Pinkstermense nie sê: "Nou, moenie met my lewe begin lol nie!" Laat ons daarna kyk en uitvind.

53 Dit was altyd verkeerd vir Pinkstervroue om hulle hare te sny. "Nou, moenie gaan inmeng . . ." Daar het julle dit. Sien? Nou, die Bybel sê dis verkeerd om dit te doen. En as die Bybel gesê het dit is verkeerd, en moeder het dit nie gedoen nie, is dit verkeerd vir julle om dit te doen, en God sal julle verantwoordelik hou daarvoor. Dis reg.

54 Dit was altyd verkeerd vir die Metodiste, en die Baptiste vroue, veral, en in die Pinkster, om hierdie ou kleertjies te dra wat hulle nou dra, wel, as dit verkeerd was in moeder se dag, is dit vandag verkeerd, jy kan dit nie enigiets anders maak nie, God is oneindig.

55 En ek kyk op die strate, en, vriende, dis . . . Julle sê: "Nou, Broer Branham, oor my wat lang hare dra . . . "

Die Bybel het gesê as 'n vrou haar hare sny, het haar man 'n reg om van haar te skei.

Julle sê: "Waar kry jy dit?"

In Korinthiërs. As sy haar hare sny, onteer sy haar hoof, en haar man is haar hoof. Dis korrek. En 'n oneerbare vrou behoort nie mee saamgeleef te word nie. Dis reg.

56 Nou, julle het my dalk nie hierna lief nie, maar julle gaan weet wat die waarheid is sover ek dit weet, sien, want ek is verantwoordelik, ek glo Christus kom binnekort, en ons moet hierdie Woord preek, iets het verkeerd gegaan. 'n Ou Metodiste predikervriend van my het altyd gesê, 'n lied gesing:

> Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak,
> Ons het toegegee op sonde.
> Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
> Maar hoe het die bokke ingekom?

57 Wel, julle het die standaarde laat sak, dis net presies! Dis die waarheid.

58 En om Pinkstervroue te sien, en Metodiste, en Baptiste, en julle almal buite op die straat met hierdie ou kleertjies aan, wat julle kortbroeke noem!

59 Julle sê: "Nou, gaan jy af . . . "

Net nou gaan ek in jou privaat lewe in, ek praat van deure.

"O, jy het ander goed om oor te preek."

Ja, maar hierdie behoort ook oor gepreek te word. Sien? Dit is te lank nagelaat.

60 En ek sê dit nie om my broers enigsins te minag nie, maar wat dit is, was . . . Ons het nie soveel van hierdie klein spoggerige, krul-haar, niksnuts, Hollywood evangelisasie nodig nie, ons het 'n outydse, God-gestuurde, Heilige Gees, agterveldse, sonde-dodende godsdiens nodig, soos julle vaders gehad het toe hulle die tamboeryn onder op die hoek geslaan het, en mamma dit gehad het. Maar wat ons het, is 'n klomp klein, broeikashoendertjies hierrond, wat tjirp, tjirp, en al waaraan hulle dink is 'n groot offerande, of een of ander groot iets om te doen. Ons het nie groot kerke, groot skares nodig nie, wat ons nodig het, is die doop van die Heilige Gees terug in die kerk en die ware krag van die lewende God. Julle weet dis die waarheid.

61 Wel, jy sê: "Broer Branham, ek dra nie kortbroek nie, ek dra langbroek."

Dis erger. Dis reg. Die Bybel het gesê dat enige vrou wat enige kledingstuk sal aantrek wat aan 'n man behoort, dis 'n gruwel.

62 En julle seuns hardloop hierrond met daardie haarstyle soos hierdie Arthur Godfrey, of (Wat is sy naam?) Elvis Presley. Wel, jy lyk soos 'n vrou! En vroue sny hulle s'n af om soos 'n man te lyk. God het die man *een* manier gemaak, en 'n vrou op 'n *ander* manier.

63 Wel, jy sê: "Ek dra nie een nie."

64 En party van die vroue in hierdie ou rokkies wat julle dra, in die straat afgegaan, gelyk asof jy daarin gegiet is, die vel so styf dat vel aan die buitekant is, amper, en Pinksterpredikers se vroue, dis reg, diakens se vroue, wel, skaam julle! Hoe gaan jy 'n herlewing hê met so-iets soos daardie? Jy kan dit nooit hê nie, God sal nooit Sy Kerk op so-iets bou nie. Ons kan denomineer, of interdenomineer, wat ons ook al wil, totdat ons terugkom by God se Woord, slaan ons net teen die lug. Bekeer, kom terug na God toe!

65 Laat ek jou iets vertel, suster, jy mag so rein wees soos 'n lelie vir jou man of jou kêrel, maar by die Oordeelsdag, gaan jy as 'n egbreukster gereken word. Wanneer jy jouself so aantrek, hierdie ou wulpse klere wat hulle dra en hier uitgaan op die straat, weet jy dat, wanneer 'n sondaar na jou kyk, en al is jy so rein as wat jy kan wees, daardie sondaar wat jou begeer, pleeg owerspel met jou, het Jesus gesê, in sy hart. En wanneer daardie sondaar moet antwoord vir owerspel, wie het hulleself aan hom voorgestel? Jy is skuldig! Reg. As hy owerspel gepleeg het, met wie het hy dit gepleeg? Wat het hom dit laat doen? Omdat jy jouself so aangetrek het.

66 "Gaan uit my privaat lewe uit." Dis wat jy vir die Here sê, *Hierdie* is Sy Woord.

67 Julle sê: "Hulle verkoop nie enige ander soort klere nie, Broer Branham."

Hulle verkoop naaimasjiene, so daar's geen verskoning nie. Dis reg. Julle weet dis reg.

68 Julle sê: "Hou op pik op ons vroue."

69 Goed, manne, hier is julle: Enige man wat sy vrou sigarette sal laat rook en so optree, dit wys waarvan jy gemaak is, daar's nie veel van 'n *man* aan jou nie. Dis presies reg. 'n *Man* word nie gemeet aan hoeveel spiere hy het, hoe groot hy is nie, ek het manne gesien wat tweehonderd pond geweeg het, nie 'n ons *man* in hom gehad het nie. 'n *Man* word gemeet aan karakter. Reg. 'n Man wat nie genoeg *man* in karakter in hom het om na sy eie huis om te sien nie, hoe kan hy dit in die huis van God doen? Reg. Ons het 'n skoonmaak nodig al die pad van die preekstoel af tot by die opsigter. Dis reg.

70 Geen wonder hierdie Laodicése Kerk, louwarm nie. "Kyk, Ek staan by die deur en klop." Laodicése, ons kan steeds skree, ons kan 'n bietjie geraas maak, maar wat help die geraas as die lewe

nie daarmee ooreenstem nie? Daar is iets verkeerd, of ons sou 'n herlewing hê wat net nou regoor die wêreld sou trek. Iets het verkeerd gegaan. As Satan nie op een manier kan kom nie, sal hy op 'n ander. "Ek staan by die deur en klop." Sien? Daar's . . .

71 "Moenie met my privaat lewe lol nie."

72 En party van julle vroue wat kaart-speel, hierbuite in hierdie . . . en party van die mans wat selfs sosiale drankies drink, wel, dis 'n skande!

73 Goed, daar's nog 'n deurtjie hierna, *Privaat Lewe*. Laat ons daardie deur verlaat vir 'n oomblik, ek hoop die Heilige Gees sê vir julle wat alles daarin is, maar daar's nog 'n deurtjie reg langs dit, en dit word *Trots* genoem. O, goeiste! *Trots*, o, dis 'n aaklige deur. Soveel mense is so trots. En waaroor moet jy so hoogmoedig wees? Jy dink jy's *iemand*.

74 Ek het in 'n groot koliseum gestaan 'n tyd gelede, en ek het gekyk na, of liewer, in 'n—'n museum, en ek het gekyk na die ontleding van 'n man se liggaam wat 'n honderd-en-vyftig pond geweeg het, dit was 'n manlike, die vroulike is nie dit werd nie, maar die honderd-en-vyftig pond man, weet julle hoeveel hy werd is in chemikalieë? Vier-en-tagtig sent, as hy 'n goeie, gesonde man is.

75 En is dit nie vreemd dat jy 'n twintig-dollar hoed op vier-en-tagtig sent, 'n honderd-dollar pak sal aantrek nie? En party van julle vroue trek 'n honderd-en-vyftig, tweehonderd dollar pelsjas aan, en verf daardie lippe, en draai dit op soos as dit sou reën, sou dit jou verdrink, en dink jy's *iemand*, en jy's nie eens vier-en-tagtig sent nie. Dis reg. Dis presies reg.

76 Nou, ek weet dit mag julle siek maak, maar my ou suidelike mamma . . . Ons het grootgeword in 'n ou hutjie, geen vloer nie, en net vensters, nie soos julle vensters hier nie, dit was net 'n deur wat jy uitgestoot het, hier onder in die berge van Kentucky. En elke Saterdagaand, sou al vyf van hierdie klein Branhams opkom om almal 'n bad te kry in dieselfde bad, die groot ou sederbad. En ons het nie veel gehad om te eet nie, so Mamma het altyd, wat ons mieliebrood en dinge gemaak het, sy sou vleisvelle van die kruideniersware moes kry, en—en hulle uitbraai in 'n pan, die vet daarin gesit, en ons het nie baie goed gelewe nie.

77 En—en elke Saterdagaand, sou Mamma ons 'n groot dop kasterolie laat drink, en—en dan sodat ons Sondag skool toe sou gaan, en ek kan nie, of, Maandag, ek kon nie eens net die goed ruik sonder om op te gooi nie. En ek het altyd gekom met my neus soos *hierdie*, ek was die eerste een, die oudste, ek sou sê: "Ma, hierdie goed maak my so siek, ek kan dit nie verduur nie."

Sy het gesê: "As dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie."

78 So, dis hoe dit is met die preek van die Evangelie, as dit nie jou geestelike gastronomie beweeg nie, help dit glad nie. Wat ons vandag nodig het, is 'n groot dosis van die Evangelie wat oor ons uitgestort word. Presies reg. Mag julle siek en kwaad maak vir 'n rukkie, maar julle sal deurbid, miskien, sien. O, wat 'n behoefte is daar vandag!

79 En 'n vrou, julle vroue gaan saam met mans, gaan in die straat af en is vier-en-tagtig sent werd. En dit was altyd verkeerd vir julle mense by die kerk om hierdie manikuur op julle lippe te dra. Of dis nie. . . Wat is daardie goed? Die, uh, dis verf. Ek vergeet wat. . . Lipstiffie. Was altyd verkeerd vir julle om dit te doen, maar julle doen dit. "O, ek dra dit net 'n bietjie."

80 Laat ek vir jou iets vertel, suster: Daar was net een vrou in die Bybel wat ooit haar gesig geverf het, haar naam was Isébel, en God het haar vir die honde gevoer. So as jy 'n vrou verf sien dra, weet jy sy's honde-vleis in God se oë. So, dat Hy. . . Dis wat Hy met haar gaan doen: haar vir die honde voer.

81 Wat is dit? Dis die honde van die hel. Gaan in die straat af: "*Wheet-whew!*" soos 'n wolfroep. Dis nie 'n wolf nie, dis 'n hond van die hel, en jy maak jouself aantreklik vir daardie persoon. Lewe getrou aan jou kêrel of jou man, hy sal baie meer van jou hou as jy daardie kunsmatige goed van jou gesig afhou. Dis reg. Nou, wat is dit? Hierdie deurtjie van *Trots*. Ek sou. . .

82 Twee seuns het daar gestaan en kyk na hierdie vier-en-tagtig sent, een het na die ander gekyk, en gesê: "John, ons is nie veel werd nie, is ons?"

"Nee, ons is nie, Bill."

En ek het gesê: "Maar, seuns, jou liggaam is nie veel werd nie, dis waar, maar jy het 'n siel binne-in jou wat tienduisend wêrelde werd is."

83 Jy gaan af na die restaurant, wat as jy 'n bak sop kry, jy 'n spinnekop daarin sou kry? Wel, jy sou die restaurant dagvaar. Jy sorg beslis vir daardie vier-en-tagtig sent, daar's niks verkeerd wat ingaan nie, maar jy sal die duiwel elke ou goddelose ding laat afstoot wat hy kan in daardie siel in en daarmee tevrede wees. Dit is waaragtig en reg.

84 "O, moenie met my privaat lewe lol nie; en moenie enigiets te doen hê met my bietjie trots nie. Jy weet, ek het 'n bietjie trots, ek's 'n suiderling."

Ek is ook, maar, broer, wanneer ons 'n Christen word, verloor ons dit alles. Dis reg. Ons moet soos Christus wees.

85 Maak gou om by 'n ander deur te kom. Daar's 'n deurtjie in die hart wat—wat *Die Oë* genoem word. En, o, hoe daardie deurtjie 'n moeilike deur is om mee te lol, *Die Oë*! God het alles gedoen wat Hy kon doen om die kerk wakker te maak met allerhande tekens, wonderwerke, herlewings, met Billy

Grahams, en Oral Robertse, en Jack Shulers het die land deurkruis, en die kerk gaan net reguit in en sondig; en daar's meer sonde in die wêreld vandag as wat daar vyftig jaar gelede was. Wat is die probleem? Dis daardie deurtjies van julle oë. As God net daardie deur kan oopmaak!

86 Julle kyk op die televisie, en julle sien Oral Roberts vir die siekes bid, wonderwerke gebeur; jy gaan in die kerke in, dit word so alledaags vir jou, jy let dit nie meer op nie; jy gaan af na die kerk, die Heilige Gees, en ten spyte van al ons sondes, sal Hy ons seën, en wanneer Hy dit doen, sal die mense juig, en sê: "Wel, nogal 'n goeie diens, um-hum," gaan voort. Huh! Daar het julle dit, julle vergeet dit. Sien? Julle oë behoort oop te wees om te besef dat God teenwoordig is, God is hier, hierdie is die huis van God.

87 "O," sê jy: "Prediker, jy praat van die Koms van die Here, my ouma het daaroor gepraat."

Ja, Jesus het, ook, maar eendag gaan Dit gebeur. Dis reg. Dit gaan hier wees. Elke teken . . .

"O, ek het daardie dinge gesien, ek hoor al jare lank van hulle."

Maar een van hierdie kere gaan jy hulle vir die laaste keer hoor.

88 Julle weet, ek het grootgeword in Kentucky, soos ek vir julle gesê het, Mamma het ons altyd bo in die solder gesit. Ou houtdakteëls, ek weet nie of julle weet wat hulle is of nie, en die ou krakies in die stompe waar die—die kinkel uit was, van die modder, opgevul . . . En ons sou, 'n ou verebed en 'n strooimatras daaronder moes opsit, en dan, sou sy 'n groot stuk seil oor ons sit, die wind van ons afhou, want die trek daardeur sou ons almal verkoue gee.

89 Ons was almal in een bed, twee aan die voet, en twee aan die kop, en twee in die middel, wat oorkruis lê. En so het ons—ons nie meer gehad nie. En ons sou koue vat snags, en oggendtyd wanneer ons wakker word, sou ons oë partykeer toe wees, Mamma het gesê dit het etter daarin. Julle weet, koue in jou oë kom, plak jou oë opmekaar. Het julle al ooit 'n kind dit sien doen? Sekerlik. Dan my . . . Ons oë sou opmekaar geplak wees, en in die oggend sou ek roep . . . Ma sou roep, sê: "Billy, kom almal van julle af ondertoe."

Ek sou sê: "Mamma, ek kan nie eers sien hoe om uit die bed uit te kom nie, my oë is opmekaar geplak."

"O," het sy gesê: "jy het etter in hulle."

90 Wel nou, Oupa was 'n wasbeer-jagter, en hy sou uitgaan en wasbere vang, en hy sou daardie vet neem, en dit uitbraai, en dit in 'n beker sit, en sy sou hierdie vet spaar, en dit was goed vir enigiets. So sy sou daardie vetbeker op die stoof sit, en sy sou

soontoe kom, en daardie wasbeervet neem, en dit in ons oë invryf, en glo dit of nie, hulle kom skoon, en ons kon sien hoe om weer uit te kom.

91 Nou, ek gaan vir jou sê, broer, daar was 'n groot vriespunt in die Pinksterkerk, baie van hulle oë is gesluit, daar's 'n groot geestelike koue trek wat daardeur gegaan het, maar, dit sal meer as wasbeervet verg om die oë van die kerk oop te maak. Ja, dit sal.

92 In die vorige vers van hierdie het Jesus gesê: "Omdat jy sê jy's ryk, ly aan niks gebrek nie, weet nie dat jy ellendig, arm, blind, nakend, beklaenswaardig is, en—en dit nie weet nie . . ." Kan jy . . .? Wel, die . . .

93 Julle sou baie beter af gewees het, in plaas van om soveel groot kerke te hê, as julle terug was op die straathoek in een of ander stoor-sending hieronder, en God met ons te hê. Dink julle nie so nie? Sekerlik.

94 O, ons het groot kerke, en ons predikers het grade van Doktor *So-en-so*. En soos Mev. McPherson 'n paar weke gelede gesê het, ek het middagete geëet saam met haar en Rolf, en sy het gesê, het gepraat van 'n man wat daar uitgekom het met 'n—'n laat reën, en dit het begin, al hulle lidmate geneem. Ek het gesê: "Wat het gebeur, wat het plaasgevind?"

En hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "sien, dis laatreën."

Ek het gesê: "Laatreën?" Ek het gesê: "Mev. McPherson was ook laatreën."

95 Sy was, sy was die laatreën vir die Gemeentes, die Luther was die laatreën vir die Katoliek, die Baptis was die laatreën vir Luther, die Metodiste was die laatreën vir hulle, die Pinksters was die laatreën vir die Nasaréners; laatreën, laatreën. Wat is dit? Wanneer die kerk georganiseer word en gaan sit by die huis en net 'n groot klomp koue standbeelde, dan beweeg die Heilige Gees uit en begin 'n laatreën.

En sy het gesê: "Dis reg, Broer Branham."

96 "Wat het jy hier anders as 'n wit olifant, 'n miljoen dollar van niks anders as staal nie." Ek het gesê: "As julle die outydse herlewing gehad het soos Mev. McPherson destyds altyd gehad het, sou elkeen van hulle net hier wees omdat hulle gevoed is. 'n Honger kind sal uit 'n vullisdrom eet."

97 En wat is dit vandag? Ons het 'n outydse, God-gestuurde, Heilige Gees prediking van die preekstoel af nodig om die kerk terug te ruk, eerste plek, en om hulle tot bekering te bring. Dis reg. Ons is te formeel en gevestig.

98 Julle sê: "Ek's ryk." Is dit nie 'n Fila- . . . nie 'n Filadelfiese nie, maar is dit nie 'n Laodicése tydperk nie? "Ek's ryk, ly aan niks gebrek nie. O, ons het goeie predikers." Ons het. "Ons het groot kerke." Ons het, net so groot soos die res van hulle. "Ons

is . . . Ons organisasies is net soos . . . " Ja, meneer. Dis reg, presies, en weet nie dat jy ellendig, arm, beklaenswaardig, blind is, en dit nie weet nie, en dit nie weet nie.

99 Dis wat die probleem is met die Kerk vandag, dis in hierdie hele toestand, en weet dit steeds nie. Hy het gesê: "Ek raai jou aan om van my Oogsalf te koop, en jou oë te salf, dat jou oë geopen kan word." Wat ons vandag nodig het, is God se Oogsalf, God se geseënde Heilige Gees om ons wakker te maak tot by 'n plek. Wat het dit vir ons gegee? Waar het ons Dit?

100 Julle weet ek's 'n sendeling. En oorsee en rondom, om die miljoene heidene die Evangelie te sien ontvang, en die kerke sit stil, is omdat ons so geraak het, ons dink dat ons net, ons alles het, "Ons het niks nodig nie." En julle besef nie dat die einste belangrikste Ding wat julle nodig het, Dit uitgelaat is nie.

101 O, jy kan steeds die musiek speel, en jy kan die dromme slaan, en jy kan by die kerk aansluit, en stry oor jou doop, alles: "En ons het die meeste in ons gemeente," en *dit* alles. O, jy kan dit steeds alles doen, maar dis die verkeerde ding. Wat hierdie wêreld vandag wil hê, is om een of ander outydse, God-gestuurde liefde van die Heilige Gees terug in ons midde, te sien. Dis reg.

102 Maak nie saak hoeveel wonderwerke, hoeveel tekens, hoeveel wonders nie . . . Paulus het gesê: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, al het ek die gawe van profesie, en die kennis en kan berge versit, is ek niks." Julle laat die ware Ding uit, die ware Ding, vriende, wat ons jare gelede gehad het.

103 Wat het daarmee gebeur? Christus het ingekom, ja, maar Hy is nie toegelaat om Here te wees nie. Julle het Hollywood toegelaat, julle het televisie toegelaat, al hierdie verskillende dinge, jy bly saans by die huis om *Wie Is Lief Vir Susie*, *Lucy*, te kyk, of wat ook al daardie vrou se naam is wat op Woensdagaand speel, en jy bly by die huis van biduur af, dit wys jy het iets verloor. En julle met hierdie Elvis Presley se ruk-en-rol plate in julle huis en julle kinders wat speel, en dan wonder waar ons jeugmisdaad kry. Dis reg.

104 En julle vroue op vroeë môre, tienuur, om te luister na 'n persoon soos Arthur Godfrey met al daardie vuil, lae grappe, en nie daardie outydse bidure wat julle altyd in julle huis gehad het vroeg in die oggend nie! Daar's jou deure, dis wat fout is met die kerk.

105 Ek was tien jaar onder die—die mense en het oral probeer, tussen hulle gestaan, 'n herlewing probeer bring. Wat doen julle? Jy sê: "Ek behoort aan die Gemeentes. Ek behoort aan die—aan die Kerk van God. Ek behoort aan die Vierkant." Dit beteken nie *dit* vir God nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.]

106 Wat het julle gedoen? Julleself georganiseer, broederskap verbreek, en alles. En God wat staan . . . Hy het Sy hele Kerk lief, Hy wil ons almal saam hê. En wanneer ons bymekaar kom, dan

in eendragtigheid, en in eenheid, in krag van die opstanding van Sy Seun, Jesus . . . Ons het 'n liefde nodig.

107 Ek gee nie om hoeveel jou prediker weet nie, as hy stry en sê: "Hierdie ander kêrel het niks daarmee te doen nie, want ek doop nie soos hy nie, of hy behoort nie aan ons organisasie nie," het hy nog 'n induik by Gólgota nodig. Presies reg. Totdat ons liefde vir mekaar kan hê! God wat by die deur staan en klop, "Ek klop, en geen mens blyk in staat te wees om te antwoord nie."

108 Wat dit is, God het elke gawe voor ons geskud, allerhande tekens en wonders, en, is gedoen, en steeds wil ons Jesus net nie enigsins verder laat kom nie, jy's bang om Sy Woord te neem, bang om Hom te vertrou. As jy net weet hoe goed Hy vir jou is, sou jy net wakker word om te besef!

109 'n Tyd gelede het ek . . . Waarna die wêreld soek, net 'n oomblik, is om 'n bietjie vertoon te sien, nie van uitroep nie, dis in die haak, ek glo daarin, nou nie praat in tale nie, dis in die haak, ek glo daarin, in sy plek, ek glo in die hele Bybel, nie een of ander wonderwerk van genesing nie, ek glo daarin, elke deeltjie daarvan, maar waarna die wêreld soek, is om een of ander ware Christendom te sien, een of ander ware lewe wat jy lei, buite op die straat, waar jy ook al is, verseël met die krag van God, met die heerlikheid van . . . Nie in die straat afhardloop en skree: "Halleluja! Halleluja!" nie, dis nie dit nie, maar 'n liefdevolle, nederige Christenwandel voor mense, die lewe lei, optree soos 'n Christen, om soos 'n Christen te wees, jouself soos 'n Christen te gedra, dis wat die wêreld wil sien.

110 En mense sal in die straat afgaan, sê: "As daar ooit 'n Christen was, 'n heilige persoon, *daar* gaan sy, of *daar* gaan hy." Maar jy sien wat ons gedoen het . . . Jy weet dis waar, vriend.

111 Wanneer die Kerk weer begin lewe wat ons sê ons is, dan . . . Jesus het gesê: "Julle is die sout van die aarde: maar as die aarde verloor het sy . . . as die sout sy geur verloor het, is dit nie goed vir enigiets nie, maar om onder die voete van die mens gesit te word, paaie van gemaak te word."

112 Nou, laat ek julle iets vra, luister hierna: 'n Sout is 'n geurmiddel as dit kontak maak. As jy 'n vaatjie vleis *hier* het, en 'n vaatjie sout *hier*, sal die—die vleis bederf, tensy die vleis en sout bymekaar kom.

113 En wanneer jy . . . As jy die sout van die aarde is, dan moet jy so 'n lewe lei, 'n geskrewe brief, totdat alle mense sal weet wat jy is. Maak nie saak wat jy bely om te wees nie, jy weet, hulle sê dit: "Jou lewe spreek so hard, ek kan nie jou getuienis hoor nie." Dis reg.

114 'n Tyd gelede, 'n storietjie wat ek vir julle wil vertel net voor afsluiting van hierdie—van hierdie deur waarvan ek praat, en dink aan die belangrikheid van Jesus by die deur, wat probeer inkom om 'n broederliefde te skep.

115 Jy hierdie gehoor vanaand laat, net wat in hierdie gebou is, net 'n paar honderd mense wat hier sit, hulle eendragtig laat word, hulle al hulle tradisies, en al hulle, elke verskillende denominasionele grense, en alles laat, die vroue laat regruk, die mans laat regruk, die prediker laat regruk, ons almal bymekaar laat kom in 'n ware, groot bondel van goddelike liefde, sal ek julle wys dat Greenville sal weet daar was 'n konvensie hier, dis reg.

116 Wanneer julle Metodiste kan handskud met die Baptiste, wanneer julle Kerk van God kan handskud met die Vierkant en Gemeentes van God, ook net so, en sê: "Ons is broers," ongeag wat hulle doen. "Ons is broers en ons aanbid dieselfde God. . . " Wel, my broers lyk glad nie soos ek nie, en ek lyk nie soos hulle nie, maar ons is broers; ons moet mekaar herken as broers en susters in Christus.

117 Ek het altyd bo in die Noordelike woude gejag, ek was net 'n paar weke gelede daarbo gewees, ek het 'n ou vriend van my ontmoet saam met wie ek gejag het. En ek. . . Nie om die wild dood te maak nie, ek hou daarvan om alleen in die woude te wees om weg te wees van God af, weg saam met God, liewer, weg van die wêreld af, gaan op in die berge waar jy nie die heeltyd petrol, en sigarette ruik nie, bo waar God kan asemhaal, bo in 'n—'n hoë plek. Soos Petrus gesê het: "Dis goed om hier te wees; laat ons drie tabernakels bou." Ek hou daarvan om alleen te kom.

118 Het 'n kêrel gehad saam met wie ek gejag het, hy was 'n wonderlike jagter, 'n goeie spoorsnyer, en hy was 'n goeie man, goeie skut. Maar ek. . . Hy was die wreedste man wat ek ooit gesien het, hy wou net wreed wees om net slim te wees.

119 Nou, dis die neiging van die Amerikaanse mense, net, as jy 'n prediker is, hou hulle daarvan om rook in jou gesig te blaas, want hulle weet jy glo nie daarin nie. En mense in die omtrek waar julle woon, as jy preek teen vroue wat daardie ou, vuil kleertjies dra, sal hulle net reg voor jou uitkom net om te wys dat hulle dit sal doen. Hulle besef nie dat hulle duiwelbesete is nie.

120 Daar was net een ding wat mense ooit hulle klere laat uittrek het, dit was die duiwel; vind dit in die Bybel. Presies reg. Wat is dit? 'n Heidense gebruik.

121 Ek het tienduisende swart mense gesien. Ek het gesien. . . Kyk, ek wil vir julle iets vra. By Durban, Suid-Afrika, het ek dertigduisend rou heidene na Christus toe sien kom op een slag. Vrou wat geboorte gee aan 'n baba wat so naby sit soos hierdie—hierdie mense wat hier sit, en nooit enige hulp gevra nie, net geboorte gegee aan die baba, hom opgetel, hom 'n klappie gegee, en hom na die bors toe gedraai, en hom laat begin drink, en luister hoe ek preek, net so primitief as wat hulle kon wees.

122 Let op, daardie vroue daar met geen klere aan nie, 'n lappie, en sodra hulle. . . Ek het dertigduisend van hulle vir Christus

sien aanvaar op een slag, hulle afgode op die grond breek, as gevolg van ’n groot wonderwerk wat die Here gedoen het om iets te vertel wat sou plaasvind, en dit het, net toe het hulle gesien dat dit net God kon wees, dit kon nie ’n mens wees nie.

123 En toe hulle het (Ek wil vir julle iets vra: Gaan beskawing aan? Is hierdie ’n moderne beskawing? Wel, ons het agtertoe geswaai vir vyftig jaar.), daardie kaal vroue wat niks aangehad het nie, maar voor hulle was ’n klein lappie omtrent *so-groot*, sodra hulle vir Christus aanvaar het, en ek hulle gevra het om hulle hande op te steek en die Heilige Gees te ontvang, waar tweehonderdduisend daar gestaan het op een slag, en sodra die Heilige Gees op daardie vroue gekom het, het hulle daar weggestap uit die teenwoordigheid van daardie mans met hulle arms gevou, jy hoef hulle nie te gesê het om klere aan te trek nie. Hulle op straat gesien die volgende dag, hulle is aangetrek. Christus trek klere aan, moet dit nie uittrek nie. En ons dink dat ons beskawing is, wel, ons word meer . . . Hierdie is opgevoede heidendom. Dis reg. Nou, daar’s iets verkeerd.

124 Daardie vroue wat nie eens geweet het hulle was nakend nie, hulle weet nie eens watter is regter- en linkerhand nie, en sodra die Gees van God hulle tref, bedek hulle hulleself soos *hierdie*, en stap weg. Wat doen dit? En jy sê jy het dieselfde Heilige Gees wat jou jou klere laat uittrek! God doen nie dinge so nie, so daar’s iewers iets verkeerd.

125 So hierdie kêrel, wat gemeen is, net om slim te lyk, hy het gekom en hy sou hierdie klein takbokkies skiet, dis klein, baba takbokkies, net om gemeen te wees, en ek sou hom aanvat daaroor. Hy het gesê: “O, Billy, jou lafhartige prediker,” gesê: “jy’s ’n goeie jagter, maar jy’s net te lafhartig.”

126 Ek het gesê: “Bert, daar’s ’n groot verskil om ’n jagter te wees en om ’n moordenaar te wees.” Sien? Ek het gesê: “Moet dit nie doen nie.” Nou, as die wet jou toelaat om ’n klein takbokkie dood te maak, is dit in die haak, daar’s niks verkeerd met die grootte van die takbok nie, maar om ’n hele klomp van hulle dood te maak, net om gemeen te wees. Sal dieselfde wees om voëls, hoenders, of enigiets anders dood te maak, net om gemeen te wees, dis wreed.

127 Abraham het ’n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, en Hy het dit geëet. Dis presies reg. So dis niks verkeerd in die klein deeltjie daarvan nie. Maar hy sou net die kleintjies doodmaak net omdat ek saam was, ryg hulle in, en sny partymaal die bene van hulle af, gooi die res daarvan weg, net om gemeen te wees. En ek het gesê: “Bert, jy’s ’n goeie kêrel, maar jy’s die—jy’s die wreedste kêrel waarvan ek ooit geweet het.”

128 En een jaar toe ek soontoe gegaan het, het hy vir homself ’n fluitjie gemaak, en hy kon daardie fluitjie neem, en net soos ’n klein, baba takbokkie maak wat na sy mamma roep. Wel, ek

het gedink: "Bert, jy gaan nie daardie fluitjie gebruik nie, tog sekerlik nie."

"O," het hy gesê: "gaan weg, Billy."

129 Daar was omtrent ses duim sneeu op die grond daardie oggend, laat in die seisoen. Moeilik om daardie wit-stert takbokke te jag omdat daar op hulle geskiet is, en hulle is bang en hulle is, hulle hou terug en kruip weg.

130 Ons het gejag tot omtrent middag en nie eens 'n spoor gesien nie, takbokke was skaars. Ek sal dit nooit vergeet nie. En omtrent middag, was hy voor my, en hy het gaan sit in 'n ooptetjie omtrent die grootte van hierdie ouditorium, en hy het agter in sy hemp ingegaan. Ek . . . Ons dra gewoonlik 'n paar toebroodjies, en 'n bietjie warm sjokolade, ensovoorts, ons sou drink en—en ons toebroodjie eet, en dan sou ons afsonderlike paaie neem wat teruggaan na waar, terug na die hoofkamp toe in die middag.

131 Ons het geen spore gesien nie, so jag was baie sleg die oggend. En toe hy gaan sit het, het hy aanhou uitreik soos *hierdie*, hy het sy geweer neergesit, hy het gevoel vir iets, ek het gedink dit was sy middagete, en hy het daardie fluitjie uitgehaal. Ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie doen nie."

"O," het hy gesê: "gaan weg, Prediker."

132 En hy het die fluitjie in sy mond geneem, en hy het dit geblaas, en dit het net soos 'n klein takbokkie geklink wat na sy moeder roep. En tot ons verbasing, net oorkant die opening omtrent twintig jaarts, het 'n yslike groot, pragtige moedertakbok opgestaan, 'n ooi. Wel, ek kon haar groot, bruin oë sien, en die are in haar gesig, daardie yslike groot ore wat regop staan, sy was so mooi.

133 En sy het opgestaan, nou, dis baie ongewoon vir 'n takbok om dit daardie tyd van die dag te doen. Bert het omgekyk na my met daardie akkedisagtige oë, na my gekyk, soort van geglimlag, sy hand uitgesteek vir sy geweer, baie versigtig. Ek het gesê . . . My kop vir hom beduie, hy het net gelag en weer gekyk. En hy het weer die fluitjie geblaas, daardie moeder het reguit in die oopte uitgestap.

134 Nou, as daar 'n jagter hier is, weet julle dis absoluut ongewoon vir 'n takbok, veral in jagseisoen nadat daar op geskiet is, daar teen die middag kruip hulle goed weg onder hope struikgewas, staan in bosse, hulle sal nie uitkom in die ooptes nie.

135 Maar waarvoor het sy uitgekom? Sy was 'n moeder. Sy het nie kerk gespeel nie, sy het nie met haar denominasie gestry nie. Sy was 'n moeder in haar hart, daar was iets in haar, sy het 'n baba gehoor, dit was in die moeilikheid, en sy was 'n moeder, sy moes daarby uitkom, sy het nie aan vrees gedink nie, sy het dit

nie aangesit soos 'n klomp *sogenaamde* Christene nie. Sy was 'n ware. . . Daar's iets in haar, sy was 'n gebore moeder.

136 O, as die kerk net so werklik kon wees! As die—as die ledemate van die liggaam van Christus net so werklik kon wees! Dit was liefde wat haar daar uitgetrek het, nie om vir die ander takbokke te sê nie, "Haai, al die res van julle, takbokke, al julle bulle en ooie daar oorkant: Kyk na my, hoe dapper is ek!" Nee, nee, was nie dit nie, sy sou dit nie gedoen het nie, sy het van beter geweet; *Sogenaamde* Christene, moenie net kerk speel en Christen speel nie. Jy moet 'n Christen *wees*, dis wat ons nodig het, is om 'n Christen te *wees*.

137 Toe, toe die, sy daar uitgestap het, het ek gedink: "O, goeiste!" En ek het hom daardie .30-06 koeël hoor trek, dit in die kamer gesit, dit toegesluit, sy geweer opgelig, o, hy was 'n dodelike skut, daardie kruishaar wat oor daardie getroue hart van daardie moeder gelê het, ek het gedink: "Bert, hoe kan jy dit doen? Wel, binne 'n sekonde van nou af, sal jy daardie getroue hart regdeur daardie takbok skiet."

138 Wel, hy sou haar vyftien voet in die lug ingooi, só na aan haar met daardie honderd-en-tagtig grein koeël wat omtrent 'n ton-en-'n-half op daardie afstand tref. Wel, hy sou daardie klein, omtrent tagtig of negentig pond moeder draai, wel, hy sou die hart regdeur haar skiet, wanneer daardie paddastoel 'n gat *so* groot in die rondte skiet, wat so naby aan haar staan.

139 Ek het gedink: "Hoe kan jy daardie getroue hart uit daardie moeder uitskiet, en sy wat na haar baba soek? Sy's nie 'n skynheilige nie, sy's 'n moeder." En ek het daardie geweer sien aanlê, ek het my rug gedraai, ek kon dit nie dophou nie, dit was te veel, ek kon dit net nie doen nie. Ek het my rug gedraai, ek het gedink: "O God, moenie dat hy dit doen nie!"

140 Ek het net enige oomblik geluister om daardie groot geweer te hoor vuur, en ek het vir 'n paar minute gewag, dit het nie gevuur nie. En ek het omgekyk, en die geweerloop het *so* gegaan, gebewe. En hy het die geweer op die grond gegooi, omgedraai, die groot trane wat teen sy wange afloop, hy het my aan die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad. Lei my na daardie Jesus toe waarvan jy praat."

141 Wat was dit? My preek? Nee. Hy het iets egs gesien, hy het iets gesien wat nie aansit was nie, hy het iets gesien wat eg was, wat ware liefde sou doen; wat daardie sondaar gewen het. Daar het ek hom omgedraai op daardie sneeuwal daar, en daardie moeder het weggestap. En daar op daardie sneeuwal het daardie ma takbok iets aan daardie sondaar gedoen wat meer was as al die kerklidmate wat hy in sy leeftyd gesien het, sy het iets vertoon wat eg was.

142 Hy het gesê: "Billy, as God daardie takbok gemaak het, en Hy het haar 'n moeder gemaak, en sy is nie bang om vir die saak

te sterf nie," hy het gesê: "sê vir Hom, Billy, om my so 'n Christen te maak, my 'n Christen te maak, soveel Christen as wat sy 'n moeder is."

143 God, dis my gebed: Maak my 'n Christen, Here, as alles anders faal, maak my 'n Christen, Here, plaas iets binne-in my wat eg is. Klop aan my hart, Here, sê vir my my kort plek, waar ek kortkom. Kom in, Here, om my deure van my eie lewe oop te maak, my privaat lewe oop te maak, my oë oop te maak, alles oop te maak, Here, laat ek U sien, die liefde van God wat uitgestort is in ons harte deur die Heilige Gees. Dis wat ek wil hê.

144 Dis wat Christus aan hierdie kerk wil doen, nie vir jou meer gawes gee nie, jy het nou te veel van hulle, wat Hy wil doen, is om vir jou Homself, liefde, die liefde van God te gee, die oorvloedige Lewe in jou hart wat jou almal laat liefhê, jou Hom laat liefhê totdat jy nie kan rus nie.

145 Onthou, die Bybel het gesê dat toe die Heilige Gees uitgegaan het om hulle vir die Koninkryk te verseël, die Heilige Gees beveel is om net diegene te verseël wat gehuil en gesug het, dag en nag, vir die gruwels wat in die stad gedoen is.

146 Kan enigiemand jou hand opsteek vanaand en my vertel van 'n Christen, een in Greenville, wat op hulle gesig lê, so belas oor die sondes van Greenville, dat hulle dag en nag huil en sug voor God? Sê my waar daardie persoon is, ek kan julle die merk van die Heilige Gees wys. Want die Bybel het gesê: "Merk slegs diegene wat sug en huil oor die gruwels wat die stad doen."

147 Nou, kan ek sê: "Kan jy vir my iemand wys wat aan die kerk behoort?" Duisende. "Kan jy vir my iemand wys wat skree?" Duisende. "Praat in tale?" Duisende. "Wonderwerke doen?" Duisende. Maar wys vir my iemand wat sug en huil oor die gruwels wat in die kerk gedoen word.

148 Sien hoe wêrelds raak ons? Gaan weg, sny hare, dra verkeerde rokke, drink, sigarette, uit, of drink, rook, al hierdie dinge. Sien julle waar dit is? "Ons het die standaarde laat sak, toegegee met sonde." Wat ons nodig het, vanaand, is om te luister na daardie klop wat voor ons deur kom. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] "Keer terug, o, na My. As die volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor."

149 Ek wonder, soos ons ons hoofde net 'n oomblik buig, ek wil julle graag 'n vraag vra, dame, broer en suster, ek wil iets sê, ek wil nie. . . Ek het nie bedoel om julle seer te maak nie, ek het julle lief. As my seuntjie op straat uitgegaan het, en ek het geweet hy gaan seerkry, as ek hom sou liefhê, moet ek hom nou en dan pak gee, ek sal hom van daardie straat af laat bly, want hy gaan doodgemaak word. As hierdie kerk bly voortbeweeg soos dit is in wêreldsheid, gaan sy sterf net so seker as wat die res van hulle gesterf het.

150 Ek wonder vanaand, nou elke oog oral toe, ek gaan julle iets vra as julle broer, voor ek bid, hoeveel hierbinne wil graag die—die—die tipe van 'n Christen wees om Christus te vertoon soos daardie moeder takbok moederskap moes vertoon? Steek jou hand op. O, goeiste, oral. Sekerlik. Myne ook, broer, suster, myne ook.

151 O God, breek my af, neem my af na die pottebakker se huis, breek my heeltemal stukkend, God. Al moet U my op die bed laat lê, wat U ook al wil doen, Here, maak my eg, ek wil nie iets wees wat aansit nie, maak my 'n ware Christen, Here. Plaas 'n Goddelike liefde in my, plaas iets in my wat so eg is, dat ek belas sal wees oor verlore siele.

152 Ek was in kerke en het altaar-oproepe gemaak, 'n sondaar het na die altaar toe gekom, moes mense smeek om vir hulle te kom bid. O, goeiste! Die kerk het sy ywer verloor. Wat dit . . . gaan dit stop? Nee, want die Bybel het gesê hulle sou louwarm wees: "Ag, ons is ryk en het gebrek aan niks. Ons het die beste kerke, en ons predikers is beter geleerd, en ons trek beter aan, en daar word meer aan ons gedink in ons gemeenskappe, en ons word altyd holy-rollers genoem." Dit sou beter af wees as jy steeds daardie naam gehad het, as dit jou enigsins anders laat optree, wat jy toe gedoen het. "Ons is altyd fanatici genoem."

153 O! "Almal wat Goddelik lewe in Christus Jesus, behoort vervolgings te verduur." Waarom sou jy 'n plaasvervanger neem wanneer die Pinksterhemele vol is van die egte? Maak nie saak wat jy gedoen het nie: "Al sou ek die tale van mense en Engele spreek, al gee ek my liggaam oor om verbrand te word as 'n offer, al het ek wysheid om die hele Bybel te verstaan, al die verborgenhede van God, al kan ek preek soos 'n Engel, al kon ek soos een sing, al kon ek krag van wonderwerke hê om berge te versit, blinde oë oop te maak . . . "

154 Jesus het gesê: "Baie sal na My toe kom in daardie dag en sê: 'Here, Here, het ek nie magtige werke gedoen en duiwels in U Naam uitgedryf nie?'"

Hy sal sê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nie eens geken nie!" Tog het hulle dit gedoen.

155 O, Christenvriend, ek het jou lief, en ek probeer julle nie seermaak wanneer ek in hierdie woorde soos hierdie, en herlewings is nie, ek het na julle toe gekom en gebid vir die siekes, en julle het God gesien, wat Hy gedoen het, maar wat, ek het jou lief, vir my dierbare vriend, o, ek het jou so lief, ek wil nie hê jy moet verlore gaan nie, ek het julle lief, ek probeer julle korrigeer, luister na my as 'n dienskneg van Christus: Bekeer julle van al julle boosheid, bekeer julle van julle koue, louwarm onverskilligheid, en vra vir God om julle genadig te wees.

156 Nou, met julle hoof gebuig, hoeveel sou dit sê? "Here, vergewe my vir die manier wat ek opgetree het, aangetrek het, die dinge wat ek gedoen het, die boosheid wat ek gedink het, en maak my, vanaand, geheel Uwe. Ek wil net hier begin, Here, by hierdie konvensie. Deur U genade, wil ek, wil ek vanaand, iets so eg hê, dat die wêreld so dood sal wees, dat ek nie eers daarna sal kyk nie."

157 Weet julle wat Jesus gesê het, wat die Skrif sê, liewer? "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie in jou nie. En hy wat sê hy het My lief, en onderhou nie My gebooie nie," sien, vertel 'n leuen: "die waarheid is nie in hom nie."

158 Wil jy graag onthou word in gebed? Steek weer jou hand op, as jy wil. God seën jou. God seën jou, dis. . . Ek reken daar's vyfhonderd hande. Dis wat ek sal doen. Laat ons nou ons hoofde gebuig hou.

159 Hoekom het jy jou hand opgesteek? Kyk, ek wil net 'n oomblik met jou praat voor ek bid, terwyl jy self in gebed is. Hoekom het jy jou hand opgesteek? Omdat Iets vir jou gesê het om dit te doen. Julle weet wetenskap sê jy, volgens die wetenskap, kan jy nie jou hand opsteek nie, swaartekrag hou jou hand onder, maar daar staan Iets langs jou. "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Toe het God by jou gestaan, en jy is self 'n gees, en jy het 'n gees in jou wat 'n besluit geneem het dat jy verkeerd was. Die Heilige Gees langs jou het gesê: "Jy's verkeerd, jy's verkeerd! My Woord het jou veroordeel, jy's verkeerd."

160 En jy het jou hand opgesteek: "Dis reg, Here, maar ek wil reg wees." Ek het vertroue in jou. Hou net daardie soort gesindheid en dan kyk jy wat gebeur hier in hierdie volgende twee of drie aande, jy sal dinge sien waaraan jy nog nooit tevore gedink het nie. Sien? Toe jy jou hand opgesteek het, het God jou op jou woord geneem.

Nou laat ons bid.

161 Dierbare Hemelse Vader, o, partymaal maak dit seer om onbeskof en hard te wees, maar, Here God, Pinksterdollars het my kinders gevoed, klere vir hulle aangetrek. Wanneer ek die kerk sien wegglip in wêreldsheid, God, brand my hart omdat ek ywerig is vir daardie kerk, die laaste hoop wat ons het, en tog sien ek U Bybel sê dit sal so wees, maar daar sal 'n Uitverkorenes daaruit geroep word. "Want hulle wat Hy vantevore geken het, het Hy geroep; hulle wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; en hulle wat Hy geregverdig het, het Hy alreeds verheerlik." Vader, dis diegene waarby ons vanaand pleit.

162 Dit het gelyk asof daar honderde hande was wat opgegaan het wat herken het hulle was verkeerd. Ek bid, God, dat hierdie einste uur, dat die Heilige Gees, Self, so 'n liefde in hulle sal

skep, 'n onsterflike liefde vir God, dat hulle siele verander sal word, hulle begeertes vervul sal word. Mag die Heilige Gees, in die stilte van hierdie oomblik, net nou in hulle harte inkom, al die wêreldsheid uithaal, en al die onverskilligheid, en al die, wat teen God en teen Christus is, mag Dit dit alles wegneem, en mag, van hierdie einste uur af, mag hulle U liefdevolle kinders wees. Mag hulle liefdevol en nederig wees. Mag hulle klaar wees met die wêreld. Laat die wêreld sê wat hulle wil, Here, maar laat die Kerk sê wat God sê, lewe soos God hulle wil laat lewe. Skenk dit, Vader. Hoor ons gebed.

163 Nou, met ons hoofde gebuig, net baie naby waar jy is, sit net ingesluit met God vir net 'n paar minute. En terwyl ons baie saggies sing, as die sangleier hiernatoe sal kom, wie ook al die lied lei, *Saggies En Teer Klink Die Roepstem Van Jesus*, Ek wil hê julle, met julle hoofde gebuig, almal eerbiedig, ek wil hê julle moet opbeweeg uit julle sitplek uit, kom hier op rondom die altaar, kom hiernatoe en staan hier net vir 'n woord van gebed, as julle sal, dan kan jy teruggaan na jou sitplek toe. Saggies nou, terwyl ons dit nou almal saam sing. Goed. Nou wees julle hoofde gebuig, biddend.

164 Here God, werk met harte net nou, mag mense uit hulle sitplekke kom, oral, vorentoe kom na die altaar, erken dat hulle verkeerd is. Skenk dit, Vader, in Jesus' Naam.

58-0617 Kyk, Ek Staan By Die Deur En Klop
Tekstiel Saal
Greenville, Suid-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org